
# Die Geheim van Geluk



10. Geluk te midde van vervolging



2023-03-12

**AGS Rayton**

Past Gustav van Aardt

## Inleiding – Geluk

- **Almal wil graag gelukkig wees.**
- **Wat is die bron van geluk?**
- **Sukses, materiële dinge, roem, plesier, mag, rykdom?**
- **Is almal so gelukkig soos wat hulle voorgee?**
- **Daar moet meer wees...**











## Deel 1 – Inleiding: Soeke na geluk

- Blywende geluk
- Hoekom het Jesus gekom?
  - Om vir ons lewe in oorvloed te gee (Joh 10:10)
  - Sy lewe vir ons te gee as offer
- Offers wat ons moet bring (jouself, vlees, eie belange, dank aan die Here)
  - Gal 2:20
  - Ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my
- Soek geluk op die regte plek
  - Almal wat dors het.. (Jes 55:1)
  - Kom koop sonder sonder geld, wyn en melk

## Deel 2 – Jesus die sleutel tot geluk

- Jesus die antwoord vir al ons geluk
- Lewe en oorvloed
- Die Woord (Jesus) gee vir ons die antwoorde
- Jesus is die Verlosser wat gestuur is om vir sondaars te kom sterf.
- Hy is die Seun van God en het die dood oorwin.
- Hy is heilig
- Jesus het ware blydskap en seën geken.
- Hy was meer as net 'n uitsonderlike leermeester.
- Hy het die ganse geskiedenis van die mensdom kom verander.
- Hy was meer as 'n mens….. Hy was God wat na die aarde gekom het, die Beeld van die onsienlike God.
- Jesus het gekom om vrede te bring op aarde
- Die lering van Jesus het mense uitgedaag.

## Deel 3 – Geluk deur arm van gees te wees

1. **Wees bewus van jou geestelike armoede**
2. **Wees bereid om jouself leeg te maak**
3. **Aanvaar die rykdom wat daar is in Christus**
4. **Wees bewus van jou afhanklikheid van God**
5. **Wees bereid om jousself te verloën.**

Salig is die wat **arm van gees is**, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele. Mat 5:3 (1953)

## Deel 4 – Geluk deur droefheid (treur)

1. **Treur oor ons hulpeloosheid en gebrekkigheid (eers swak en dan sterk)**
2. **Die treur van ware berou oor ons sondes. Oorgawe aan God se wil.**
3. **Treur deur liefde vir mekaar.**
4. **Treur oor verlore siele**
5. **Treur oor verlies van ‘n geliefde.**

Salig is die wat treur, want hulle sal vertroos word.
Mat 5:4 (1953)

## Deel 5 – Geluk deur sagmoedigheid

1. **Beteken onder andere om getem of makgemaak te word.**
2. **Leef nie meer vir jouself nie.**
3. **Sagtheid**
4. **Oorgawe (yield)**
5. **Verdraagsaamheid**
6. **Geduld**
7. **Benodig die bad van die wedergeboorte en vernuwing deur die Heilige Gees om sagmoedigheid te verkry.**


Salig is die **sagmoediges**, want hulle sal die aarde beërwe.
Mat 5:5 (1953)



## Deel 6 – Geluk deur honger

1. **Honger en dors na geregtigheid ("in right standing with God")**
2. **Dinge wat ons eetlus vir geregtigheid van God bederf:**
   - **Sondige genot & wêreldse plesier**
   - **Selfgenoegsaamheid**
   - **Geheime sondes**
   - **Verwaarlosing van jou geestelike lewe**
3. **Lewe in oorwinning**
   - **Gee oor en bely jou sondes**
   - **Toegewydheid ("devotion")**
4. **God self sal jou versadig.**



Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid, want hulle sal versadig word. Mat 5:6 (1953)

# Deel 7 – Geluk deur barmhartigheid








1. Christenskap moet uit ons vloei
2. Luister na Jesus (Mat 5:38-42; Luk 6:38)
   - Gee, draai ander wang, loop ekstra myl.

3. Neem Aksie – genade en barmhartigheid
4. Laat vaar vooroordele ("Prejudice").
5. Breek met trots.
5. Deel die Evangelie








**Mat 5:7 Salig is die barmhartiges, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word.** (1953)


# Deel 8 – Geluk deur reinheid van hart

Psa 24:3 Wie mag klim op die berg van die HERE? En wie mag staan in sy heilige plek?
Psa 24:4 Hy wat rein van hande en suiwer van hart is, wat sy siel nie ophef tot nietigheid en nie vals sweer nie.

1. Ongemeng ("unmixed") met iets vreemds
2. Rein hande; skoon denke, bedrog vermy, integriteit, morele waardes
3. Harte kort genesing
4. Reinheid in ons vleeslike liggame
5. Morele reinheid, vleeslike lus
6. Reinheid in ons gedagtes en sintuie
7. Moet nie dat sondes aan jou kleef nie.



















**Mat 5:8 Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien. .** (1953)

## Deel 9 – Geluk deur die maak van vrede

1. **Vrede met God deur Jesus Christus**
2. **Hou op baklei teen God; gee oor aan Hom; kry Jesus se vrede in jou; Dien die Here.**
3. **Word 'n vredemaker**
   - **Vrede in ons huise**
   - **Vrede in ons gemeenskap**
   - **Vrede in ons kerk**
   - **Vrede by ons werks en studeerplekke**
   - **Vrede in die wêreld**
4. **Kinders van God is vredemakers**
5. **Jesus Christus is die Vredevors ("The Prince of Peace")**



Salig is die **vredemakers**, want hulle sal kinders van God genoem word.
Mat 5:9 (1953)

## Die Saligsprekinge (deur Jesus Christus)

**Mat 5:2 en Hy het sy mond geopen en hulle geleer en gesê:**
Mat 5:3 Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.
Mat 5:4 Salig is die wat treur, want hulle sal vertroos word.
Mat 5:5 Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe.
Mat 5:6 Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid, want hulle sal versadig word.
Mat 5:7 Salig is die barmhartiges, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word.
Mat 5:8 Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien.
Mat 5:9 Salig is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word.
**Mat 5:10 Salig is die wat vervolg word ter wille van die geregtigheid, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.**
**Mat 5:11 Salig is julle wanneer die mense julle beledig en vervolg en valslik allerhande kwaad teen julle spreek om My ontwil.**
**Mat 5:12 Verbly en verheug julle omdat julle loon groot is in die hemele; want so het hulle die profete vervolg wat voor julle gewees het.**

# Geluk te midde van vervolging

- **Waarom word goeie mense vervolg?**
- **'n Christen is dan iemand wat leef in vriendelikheid, eerlikheid, onselfsugtigheid, liefde, lankmoedigheid, vrede met ander, diensbaarheid ens.**

Psa 37:32 **Die goddelose loer op die regverdige en soek om hom dood te maak.**



# Ons is nie vrygestel nie

2Ti 3:12 **En almal wat ook godvrugtig wil lewe in Christus Jesus, sal vervolg word.**

- **Ons lewe in 'n onderstebo wêreld**
- **Bespotting (Heb 11:36)**
- **Valse getuienisse en beskuldigings (Hand 17:6-7)**

1Jn 3:11 Want dit is die boodskap wat julle van die begin af gehoor het, dat ons mekaar moet liefhê; 12 nie soos Kain wat uit die Bose was en sy broer doodgeslaan het nie. En waarom het hy hom doodgeslaan? Omdat sy werke boos was en dié van sy broer regverdig.
13 **Verwonder julle nie, my broeders, as die wêreld julle haat nie.**

Joh 16:33 **Dit het Ek vir julle gesê, dat julle in My vrede kan hê. In die wêreld sal julle verdrukking hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin.**


## Vervolg oor geregtigheid en oor Jesus

Mat 5:10 Salig is die wat vervolg word ter wille van die **geregtigheid,** want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele. 11 Salig is julle wanneer die mense julle beledig en vervolg en valslik allerhande kwaad teen julle spreek om **My ontwil**.

Rom 8:36 Soos geskrywe is: **Om U ontwil** word ons die hele dag gedood, ons is gereken as slagskape.


- **Die vyand haat geregtigheid en eerlikheid.**
- **Hy haat wat Jesus gedoen het – onthou hy is verneder**

Kol 2:15 nadat Hy die owerhede en magte uitgeklee en hulle in die openbaar tentoongestel en daardeur oor hulle getriomfeer het.




## Martelare vir Christus

- **Stéfanus – gestenig**
- **40 Romeinse soldate – verkluim**






- **Wilayat Ali – swaard gedood**



## Ander vorme van vervolging en marteling

- **Ons kan ook deur die tong gemartel word vir Christus (Mat 5:11)**
  - **Beledig**
  - **Valse getuienis**
  - **Bespotting**
- **Onterf agv geloof in Jesus**
- **Groepsdruk**
- **Keuse om nie deel te naam aan dinge wat onrein is nie**





## Christene kan oorwin met bonatuurlike krag

Jes 40:31 **maar die wat op die HERE wag, kry nuwe krag; hulle vaar op met vleuels soos die arende; hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle wandel en word nie mat nie.**

2Kor 4:8 In alles word ons **verdruk, maar ons is nie terneergedruk nie**; ons is **verleë, maar nie radeloos nie**; 9 **vervolg, maar nie verlate nie; neergewerp, maar nie vernietig nie**.

16 Daarom **gee ons nie moed op nie**, maar al vergaan ons uiterlike mens ook, nogtans word die innerlike mens dag ná dag vernuwe.



# Christus is by die wat ly om Sy ontwil

- **Dit is nie alle Christene wat te alle tye geroep word om fisies te ly nie.**
- **Indien dit egter gebeur is Jesus by ons.**

Dan 3:24 Toe het koning Nebukadnésar verskrik geword en haastig opgestaan; hy het sy raadsmanne toegespreek en gesê: Het ons nie drie manne geboeid binne-in die vuur gegooi nie? Hulle antwoord en sê aan die koning: Sekerlik, o koning! 25 Hy antwoord en sê: Kyk, ek sien vier manne los binne-in die vuur wandel sonder dat daar 'n letsel aan hulle is; en **die voorkoms van die vierde lyk soos dié van 'n godeseun**.





Rom 1:16 Want ek **skaam my nie** oor die evangelie van Christus nie, want dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek.


# Wees bly in verdrukking en vervolging


**Mat 5:12 Verbly en verheug julle omdat julle loon groot is in die hemele; want so het hulle die profete vervolg wat voor julle gewees het**

- **Sanders: "Welkom die kruis van Christus….ek voel net so min pyn in die vuur asof ek in 'n verebed lê"**

Hand 5:40 En hulle het na hom geluister. En nadat hulle die apostels ingeroep het, het hulle hul **laat slaan** en hulle bevel gegee om nie in die Naam van Jesus te spreek nie en hulle laat gaan. 41 Hulle het toe van die Raad af weggegaan, **bly dat hulle waardig geag was om vir sy Naam oneer te ly**. 42 En hulle het **nie opgehou** om elke dag in die tempel en van huis tot huis te leer nie, en die evangelie te verkondig dat Jesus die Christus is.

2Co 7:4 Ek het groot vrymoedigheid teenoor julle; my roem oor julle is groot; ek is vervul met troos; **ek loop oor van blydskap in al ons verdrukking.**





## Die seëninge van vervolging

**Mat 5:12 Verbly en verheug julle omdat julle loon groot is in die hemele; want so het hulle die profete vervolg wat voor julle gewees het.**

- **Daar wag 'n baie groot loon eendag.**
- **Dit leer ons blydskap in Christus beoefen.**



Jak 1:2 Ag dit louter vreugde, my broeders, wanneer julle in allerhande versoekinge val, 3 omdat julle weet dat die beproewing van julle geloof lydsaamheid bewerk.

- **Dit stig ons geloof**
- **Dit dra ons getuienis uit na ander wat verlore is.**
- **Dit help ons om die wedloop getrou te hardloop.**

**- Dit is 'n groot eer om lyding deur te maak oor Jesus**
**- Wees bly in verdrukking – ons mik mos vir die ewigheid**

Rom 8:18 Want ek reken dat die **lyding van die teenwoordige tyd nie opweeg** teen die heerlikheid wat aan ons geopenbaar sal word nie.

## Houding teenoor vervolging

**WAT SÊ JESUS?**

- **Wees bly (Mat 5:12)**
- **Wees lief vir jou vyande (Mat 5:44)**
- **Seën die wat jou vervloek**
- **Doen goed aan die wat jou haat**
- **Bid vir die wat jou beledig en vervolg**

# AGS Rayton se Visie

**"ONS VOLG JESUS CHRISTUS, DIE LIG VAN DIE WÊRELD, DEUR TE WANDEL SOOS KINDERS VAN DIE LIG"**



23